

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE SHABBAT

LES 1: INSTELLING VAN DIE SHABBAT

Inleiding

1. Daar bestaan baie groot verwarring en verkeerde interpretasie onder Christene ten opsigte van die begrip: *om vry van die wet te wees*. Talle gelowiges is baie gou om te vertel dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade. Wanneer daar dan na die wet verwys word, word die tien gebooie meestal bedoel, maar die ander voorskrifte en instruksies van die ou testament word daarby ingesluit.
2. Diegene wat glo dat hulle vry is van die wet sal op vrae soos: *Mag jy steel, mag jy begeer, mag jy moor, mag jy egbreek pleeg of enige derglike dinge doen*, onmiddelik *Nee* antwoord. Hulle erken dus dat Christene die tien gebooie moet onderhou – al die gebooie behalwe die vierdie gebod van die shabbat. Die Kerk glo, en verkondig, dat die shabbatsgebod opgehef is. Daar word geglo dat die eerste dag van die week, naamlik Sondag, die shabbatsgebod vervang het as die “dag van die Here”. Die Kerk glo dus inderwaarheid dat daar net nege gebooie is, **want ek het nog nie gelees of gehoor dat die vierde gebod herskryf is om te lees: Gedenk *die Sondag* dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar *die eerste dag* is *die Sondag*, die dag van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie....** Nee, niemand het dit nog gewaag om dit in soveel woorde te sê nie, maar tog is dit juis wat geglo en verkondig word!!!
3. Dit is ook vreemd dat diegene wat steeds die shabbatsgebod volgens YHVH se onderrig en instruksies (die Torah – YHVH se wet) eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as onder die wet en daarom van die genade verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is dus hulle redding kwyt? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer?

4. Hoekom het die shabbatsgebod so 'n verskilpunt geword? Hoekom is dit so dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die shabbat minag? Is dit wat die Afgesonderde (Heilige) Skrifte ons leer, of is dit die leerstellings van mense? Het die shabbatsgebod verander – die enigste van die tien gebooue wat deur YHVH die Almagtige herskryf is? Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooue willens en wetens met minag bejeen, sal nie die Koninkryk van YHVH beërwe nie.
5. Die doel van hierdie studie is om die shabbat en die shabbatsgebod te ondersoek. Wanneer ons met die waarheid in YHVH se Woord gekonfronteer word, word ons gedwing om 'n besluit te neem, want die Woord gaan ons oordeel. (Joh 12:48). Eie siening, emosies en redenasies moet daarom nooit 'n plaasvervanger vir die waarheid word nie. In eerbiedige ontsag vir YHVH en Sy Woord moet ons strewe na die waarheid. Hierdie waarheid is slegs in die bladsye van die die Skrifte (Bybel) te vinde. Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9) en slegs die Woord van YHVH gebruik om ons in die waarheid te onderrig (2 Tim. 3:16 en 17).
6. Huidig keer talle Christene terug tot die viering van die shabbat as afgesonderde (heilige) rusdag wat aan YHVH toegewy word. Is hierdie gelowiges mislei of is dié wat Sondag as die “dag van die Here” vier die misleides? Hierdie studie sal lig hierop werp.

Die Instelling van die Shabbat

1. Die eerste vraag wat gevra moet word is: Wanneer en deur wie was die shabbat gemaak (ingestel)? Die antwoord is in Gen. 2:1 en 2

So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God (God) het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.

Die natuurwette en siklus van dae (nag en dag) is deur YHVH geskape (Gen. 1:3, 4 en 14 tot 18). Hy het alles in ses dae geskape en op die sewende dag gerus van al Sy werk. Die sewende dag, die shabbat, is dus deel van YHVH se skepping. Hy het ook hierdie dag gemaak.

2. Nou kan gevra word: Wat het YHVH gedoen na Hy op die sewende dag gerus het?

*En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, **omdat** Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak..*
Gen 2:3.

Let daarop: YHVH God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede YHVH op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het YHVH, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25). Is dit moontlik die rede hoekom YHVH hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

3. Volgens Gen. 2:1 tot 3 sien ons drie handeling (aksies) wat gepaard gegaan het met die skepping (maak) van die shabbat, naamlik:

- ❖ YHVH God het gerus op hierdie dag,
- ❖ Hy het dit geseën, en
- ❖ Hy het dit geheilig, naamlik afgesonder (*set-apart*)

4. Vraag: Was Yeshua Messias betrokke by die skepping en by die maak van die shabbat? Die volgende teksverse gee vir ons die antwoord:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Joh. 1:1 en 2

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Kol. 1:15 en 16.

5. Alles wat ontstaan het (geskape; gemaak is), het deur Yeshua Messias ontstaan. Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Yeshua is die Woord van die krag van YHVH deur wie Hy alles geskape het – ook die shabbat. Lees ook Ef. 3:8 en 9; Heb. 1:2 en 3.
6. Die sewende dag van die week (die shabbat) is dus ook die rusdag van Yeshua Messias. Beide ons Abba YHVH en Yeshua ons Messias het op die sewende dag gerus en as Een (Deut.6:4) het hulle dit geseën en dit geheilig. Onthou die woorde van Yeshua:

Yeshua het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. Joh. 5:19.

Soos die Vader op die sewende dag gerus het, so het Yeshua saam met die Vader gerus.

7. Die mens is op die sesde dag geskape. Wat is dus die eerste ding wat die mens gedoen het? Hy het saam met sy Skepper op die sewende dag gerus. Daar is dus drie wat op die sewende dag (die shabbat) gerus het, naamlik: YHVH, Yeshua Messias en die mens!! Ons moet dus ook die voorbeeld van ons Vader en ons Messias volg en op die sewende dag van die week rus en dit saam met God (Vader, Seun en Heilige Gees) gedenk en heilig. Dit is waarvoor YHVH die sewende dag gemaak het. Dit is die Almagtige se oomblik in tyd wat spesiaal opsy gesit word en waar Hy saam met die mens wil rus.
8. Die shabbat is 'n ewige instelling en deel van YHVH se skepping. Hy sal dit nie verander nie, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

Wat is die vereiste van die shabbatsgebod?

1. Ons moet dit gedenk en dit afsonder (heilig) soos wat die vierde gebod dit duidelik stel:

Gedenk die shabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die shabbat van YHVH jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Ex. 20:8 tot 10

2. Die Hebreeuse woord vir *gedenk* is *zakar* (Strong's H2142) en word in die Afrikaanse Bybel ook as *dink*, *onthou*, *in gedagtenis bring* en *noem* vertaal. Die ware betekenis van *zakar* is egter om te onthou (dit in herinnering te roep) en **dit dan te gaan doen!** Dit is om daders van die Woord te wees en nie net hoorders nie. Onthou: Hy wat die Woord (Torah – die onderrig en instruksies) hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself (Jak. 1:22).
3. Die shabbat, asook die feestye van YHVH, is geleenthede waar ons dink aan dit wat YHVH vir ons gedoen het. Hierdie is **gedenkdae**, naamlik dae wat ons in herinnering roep dit wat YHVH ons beveel het, en dit wat Hy vir ons gedoen het, en waar ons dit dan gedenk deur gepaste handeling. Die Hebreeuse woord vir *gedenkdag* (*memorial*) is *zikron* (Strong's H2146) en is verwant aan *zakar*. Ons moet aan die shabbat en YHVH se ander feeste dink (dit onthou) en hierdie dae op gepaste wyse vier (gedenk). Dit is deel van die onderrig en instruksies van Abba aan Sy kinders.
4. Indien ons wil hê dat Abba YHVH ons moet *zakar* (aan ons moet dink), dan moet ons Hom *zakar*. Ons moet YHVH ons Vader se onderrig en instruksies aangaande die shabbat, onthou (*gedenk, in gedagtenis bring en noem*) om dit nougeset te doen as 'n ewige gedenkdag (*zikron*). Dit is

wat elkeen wat deur die kosbare bloed van Yeshua geregverdig verklaar is, moet doen. Dan sal Vader aan ons dink, asook aan al Sy beloftes, en op gepaste wyse handel om in al ons behoeftes te voorsien.

5. Om die shabbat te heilig beteken om dit af te sonder (uit te sonder) as 'n dag wat aan YHVH toegewy word. Dit is die gedenktag van YHVH se skepping – 'n dag waar ons YHVH as die enigste ware God (God) vereer. Op hierdie dag herinner ons onself aan Sy grootheid, almag en goedheid.
6. Hierdie is die dag wat YHVH geseën het. Van alles wat YHVH geskape het, het Hy net die mens en die shabbat geseën. Dit behoort dus die belangrikheid van die mens en die shabbat te onderstreep.

Hoekom moet ons die shabbat gedenk en dit heilig?

1. Die antwoord is in Ex.20:11 waar dit geskryf is:

Want in ses dae het YHVH die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het YHVH die shabbatdag geseën en dit geheilig.

Ons gedenk en heilig die shabbat omrede YHVH alles in ses dae gemaak het, en Hy self op die sewende dag gerus het.

2. Deur die shabbat te seën en dit af te sonder het YHVH na die toekoms verwys. Die daad van seën en afsonder is vir dit wat bestaan en wat voort sal bly bestaan. Om te seën en af te sonder is **nie ten opsigte van dit wat verby is nie, maar ten opsigte van dit wat lewe en steeds bestaan**. Ons seën die wat nog lewe en ons seën dit wat bestaan. Wanneer YHVH iemand of iets seën, is dit waarlik geseënd en sal dit vir ewig geseënd wees. Onthou: YHVH se woord is ewigblywend en onveranderlik. Omrede die shabbat by die skepping van die sewende dag deur YHVH geseën was, is dit steeds vandag geseënd en sal dit vir ewig geseënd wees!!
3. Wanneer ons iemand seën dan is dit om YHVH se goedheid en guns (genade) oor daardie persoon te spreek. Om te seën is om dit wat geseën word, vry te maak van enige beperkinge en hindernisse. Deur die shabbat te seën, het YHVH Sy goedheid en guns oor die sewende dag verklaar en is hierdie dag vry van die beperkinge en hindernisse wat dikwels deur die ander dae van die week gekenmerk word. Die shabbat is dus 'n geleentheid van onbeperkte geestelike potensiaal – meer as enige ander dag van die week.
4. Ons het reeds gesien dat heilig beteken om afgesonder, uitgeroep en toegewy te wees. So stel ons ons liggame beskikbaar as 'n lewende, heilige (afgesonderde, toegewyde) en aan YHVH welgevallige offer (Rom. 12:1). Dit is nutteloos om dit wat verby is, of dit wat nie meer bestaan

nie, aan YHVH toe te wy of af te sonder. Die ou dinge is verby en alles het nuut geword (2 Kor. 5:17). Daarom stel ek die 'nuwe mens' aan YHVH beskikbaar as 'n lewende, afgesonderde en welgevallige offer.

5. YHVH het die shabbat geseën sodat dit altyd 'n seën sal wees vir die wat dit gedenk. Net so het YHVH die shabbat geheilig sodat dit altyd afgesonder (*set-apart*) vir Hom en die mens sal wees. Die shabbat was, is steeds en sal vir ewig 'n spesiale dag van die week wees.

Die shabbat: 'n Toets van gehoorsaamheid

1. Op die vyftiende dag van die tweede maand na Israel se uittoeg uit Egipte het die volk teen Moses en Aäron gemurmureer omrede hulle voedsel opgeraak het. YHVH het toe aan Moses gesê dat Hy hulle gaan beproef (toets) om te sien of hulle volgens Sy wet sal wandel. Hierdie toets van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah) was die shabbatsgebod en die doel was om te openbaar of hulle hartsgesindheid teenoor YHVH opreg was, naamlik of hulle 'n besnydenis van die hart ondergaan het.

Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie. En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daaglik insamel. Ex. 16:4 en 5

2. Die volk moes elke oggend 'n gomer (dagmaat) manna per persoon optel. Hulle mag ook niks laat oorbly het tot die volgende dag nie. Dit moes hulle vir vyf dae doen, maar op die sesde dag moes hulle dubbeld van die dagmaat manna optel:

En op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie brood ingesamel, twee gomers vir elkeen. En al die owerstes van die vergadering het gekom en dit aan Moses vertel. Toe sê hy vir hulle: Dit is wat YHVH gespreek het: Môre is dit rusdag, 'n heilige shabbat van YHVH. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe. En hulle het dit gebêre tot die môre toe, soos Moses beveel het; en dit het nie bederwe nie, en daar het geen wurms in gekom nie. Toe sê Moses: Eet dit vandag, want dit is vandag die shabbat van YHVH. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit shabbat; dan sal dit daar nie wees nie. Ex. 16:22 tot 26

3. Almal was egter nie gehoorsaam nie!! Sommige het YHVH se voorskrifte verontagsaam en op die sewende dag uitgegaan om Manna te gaan optel. Daar was egter geen manna op die sewende dag nie. Hulle was dus beproef, maar het die toets nie geslaag nie!!!

*En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie. Toe sê YHVH vir Moses: **Hoe lank weier julle om my gebooi en my wette te onderhou?** Ex. 16:27 en 28.*

4. Hoekom is die shabbatsgebod gebruik as die toets? Kan dit wees dat dit "belangrikste" van YHVH se wet (Sy Torah) is? Die feit dat YHVH die shabbatsgebod so duidelik in Ex. 20:8 tot 11 omskryf, is moontlik bevestiging hiervan. Dan is dit ook so dat die shabbatsgebod meer keer in die eerste vyf boeke van die Skrifte herhaal word as enige van die ander tien gebooi.
5. Is die shabbatsgebod nie ook vandag die wyse wat YHVH ons beproef (toets) of ons aan al sy onderrig en instruksies gehoorsaam sal wees nie? Word die vraag nie ook vandag deur YHVH ons Vader en God gevra nie: *Hoe lank weier julle om my gebooi en my wette te onderhou?* Is dit nie ook die toets of ons harte besny is nie? Hoor ons ook nie steeds vandag die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

*Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is:
Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.
Mark. 7:6*

6. Is minagting van die shabbatsgebod nie moontlik ook die rede hoekom sommige 'n "broodgebrek" het nie? Hulle gaan ook uit op die shabbat en vind niks nie, want Yeshua Messias, die Brood van die Lewe, is nie te vinde nie!! Nee, want Hy is saam met die wat Hom liefhet en sy gebooi bewaar (Joh. 14:21 en 23).

*Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors.
Jes. 5:13*

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Volgens Ex. 16:22 tot 28 is dit duidelik dat die shabbatsgebod reeds voor die gee van die wet by die berg Sinai van toepassing was. Die Kerk se siening dat die shabbat ingestel was met die gee van die wet is dus 'n misleiding. Die sewende dag, die shabbat, was van die begin af daar en sal vir ewig daar wees. Die shabbat is deel van YHVH se skepping. Beide die shabbat en die wet (die Torah – YHVH se onderrig en instruksies) bestaan reeds van die skepping af.
2. Het Abraham, die vader van die geloof, die shabbat gehou. Lees Gen. 26:4 en 5 en besluit self.
3. Die shabbat is deel van YHVH se skeppings- en kreatiewe krag. Sal die Almagtige Sy skepping, of enige deel daarvan, ongedaan maak?

4. Ons lees in Jak. 2:10 die volgende: *Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.* Is dit dan ook nie waar nie dat as ons een van YHVH se gebooie verwerp, verwerp ons inderwaarheid Sy hele wet?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.